buildmax
materials·equipment·services

NAGESIENE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE VIR DIE 11 MAANDE GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2008

NA-BALANSSTAATGEBEURE EN VOORUITSIGTE

Die nagesiene verkorte gekonsolideerde finansiële resultate vir die 11-maande tydperk geëindig 29 Februarie 2008 ("die oorsigtydperk"), **voor die afhandeling van die verkrygings van Diesel Power Open Cast Mining (Edms) Beperk en die Buildco groep van maatskappye ("die verkrygings"**) word hieronder aangebied. Gesien in die lig van die volledige herposisionering van Buildmax ná die verkrygings, toon die resultate vir die oorsigtydperk nie die huidige aktiwiteite van die groep of die verwagte prestasievlakke en vooruitsigte nie. Die resultate vir die oorsigtydperk verskaf daarom nie 'n betekenisvolle basis vir assessering van Buildmax nie, en is aangebied om te voldoen aan die vereistes van die JSE Beperk.

Die verkorte begrote inkomstestate vir die jaar eindigende 28 Februarie 2009, uiteengesit in die Gewysigde Noteringsbesonderhede gedateer 5 Maart 2008 ("die GNB") en hieronder aangebied, bied 'n akkurate beeld van die aktiwiteite en verwagte prestasie van die nuwe Buildmax-groep na die verkrygings.

Na 'n suksesvolle kapitaalverkryging het die verkrygings ná die oorsigtydperk effektief geword. **Buildmax is nou 'n gediversifiseerde verskaffer van oopgroefmynboudienste en massagrondwerke sowel as van konstruksiemateriale aan die mynbou- en konstruksieindustrieë**. Die groep bestaan uit twee sleutelbesigheidseenhede: Toerusting & Dienste en Konstruksiemateriaal.

Toerusting & Dienste bestaan uit Diesel Power, een van die grootste oopgroefmynbou en grondverskuiwingskontrakteurs in die land, en Vukuza Earth Works wat saam goedgekeurde en geregistreerde kontrakteurs aan alle groot steenkoolmynbou- en konstruksiegroepe in Suid-Afrika is. Die besigheidseenheid het 'n vloot van meer as 700 mynbou- en grondwerkevoertuie. Konstruksiemateriaal ontgin, vervaardig en versprei 'n reeks materiale aan die konstruksie-industrie deur 'n aantal goedgevestigde besighede met prestasierekords van tussen 20 en 70 jaar.

Vooruitsigte
Buildmax is goed geposisioneer om te baat by hoëgroeimynbouaktiwiteit, veral in die steenkoolmynbou-industrie, sowel as by geleenthede geskep deur deurlopende belegging in infrastruktuur.

In besonder bied die regstel van Suid-Afrika se historiese onderbelegging in kragopwekking volhoubare groeigeleentheid oor die lang termyn. Eskom se onmiddellike aanvraag vir steenkoolreserwes om te voldoen aan sy bestaande vereistes sowel as aan verhoogde aanvraag as gevolg van die herinbedryfstelling van voorheen dormante kragstasies, sal voortgaan om plaaslike aktiwiteit te bevorder. Daarbenewens sal 'n aantal nuwe kragstasies oor die volgende 20 jaar gebou word, waarvan die meerderheid steenkoolbrandend sal wees.

Hierdie faktore en die voortgesette hoë vlak vraag na steenkool en kommoditeite internasionaal sal groei in steenkool- en ander mynaktiwiteite bevorder. Die tekort aan toerusting strem egter steeds die groei in beide groot mynbou- en groot konstruksiegroepe. As 'n voorste verkryger van toerusting in Suid-Afrika vir die afgelope 20 jaar met 'n groot vloot onder goeie instandhouding en 'n hoogs bedrewe span, is die groep ideaal geposisioneer om te baat by hierdie groeigeleentheid.

Die vergrote Konstruksiemateriaal-besigheidseenheid staan reg om te baat by die regering- en privaatsektorbesteding aan infrastruktuur.

VERKORTE BEGROTE INKOMSTESTATE

	Gekonsolideerde begroting vir die jaar eindigende 28 Feb 2009 Nagesien R'000	Toerusting & Dienste jaar eindigende 28 Feb 2009 Nagesien R'000	% van totaal	Konstruksie-materiaal jaar eindigende 28 Feb 2009 Nagesien R'000	% van totaal
Inkomste	1 703 473	977 995	57	725 478	43
Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie	491 494	352 908	72	138 586	28
Depresiasie	(118 485)	(102 701)		(15 784)	
Netto rente betaal	(94 325)	(90 477)		(3 848)	
Wins voor belasting	278 684	159 730	57	118 954	43
Belasting	(78 032)	(44 724)		(33 308)	
Wins na belasting	200 652	115 006	57	85 646	43
Toeskryfbaar aan:					
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	200 152	115 006		85 146	
Minderheidsbelang	500	–		500	
	200 652	115 006		85 646	
Basiese verdienste per aandeel (sent)	22,5				
Wesensverdienste per aandeel (sent)	22,5				

Aantekening: Die Verkorte Begrote Inkomstestate is gebaseer op veronderstellings uiteengesit in die GNB en moet saamgelees word met die GNB

NAGESIENE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE VIR DIE 11 MAANDE GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2008 VOOR DIE AFHANDELING VAN DIE VERKRYGINGS

Basis van voorbereiding
Die nagesiene verkorte gekonsolideerde finansiële resultate is opgestel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), IAS 34 en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet. Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die verkorte gekonsolideerde finansiële resultate strook in alle opsigte met dié beleid toegepas in die geouditeerde finansiële jaarstate van die vorige jaareinde.

Sekere vergelykende saldo's is geherklassifiseer en aangepas vir die uitwerking van 'n vorigetydperkfout, soos verduidelik in die aantekeninge tot die nagesiene verkorte gekonsolideerde finansiële resultate.

Daar is geen aparte segmente vir die oorsigtydperk nie en daarom word 'n segmentontleding nie verskaf nie.

Met ingang van 29 Februarie 2008, het Buildmax sy jaareinde verander tot Februarie. Gevolglik is die resultate vir die oorsigtydperk vir 'n handelstydperk van elf maande en is daarom nie vergelykbaar met die vorige jaar nie.

Nasienmening
Die verkorte gekonsolideerde finansiële resultate is nagesien deur Buildmax se eksterne ouditeure, PFK (Jhb) Inc. wie se onveranderde nasienmening ter insae beskikbaar is by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

Dividend
Geen dividend is verklaar vir die oorsigtydperk nie.

Direksie
Met die herposisionering van die groep ná die verkrygings, is die direksie hersaamgestel. Met ingang van 11 Desember 2007 is PJ de Klerk en HP Fourie in die direksie van Buildmax aangestel as nie-uitvoerende direkteure. Ná die afhandeling van die verkrygings is hulle aangestel as uitvoerende direkteure van Buildmax in die hoedanigheid van Uitvoerende Hoof en Finansiële Hoof, onderskeidelik. Daarbenewens is CB Brayshaw, M Matisonn, R Munitz, BT Ngcuka en C Wood met ingang van 28 Maart 2008 aangestel as nie-uitvoerende direkteure. CB Brayshaw en C Wood, sowel as MD Lamola wie in die direksie aangebly het, is onafhanklike nie-uitvoerende direkteure.

Met ingang van 28 Maart 2008 het IDP Burger, NR Jansen, MD Smullen en JPG Vorster bedank as direkteure. Ons bedank die uitgaande direkteure vir hul dienste.

Maatskappysekretaris
Met ingang van 1 Desember 2007 is Probity Business Services (Edms) Beperk aangestel as maatskappysekretaris van Buildmax. Met ingang van dieselfde datum het HD Verster bedank uit hierdie hoedanigheid.

Eksterne ouditeure
PFK (Jhb) Inc. is met ingang van 1 Januarie 2008 aangestel as die eksterne ouditeure van die groep.

Op las van die direksie

Paul de Klerk *Uitvoerende Hoof* **Herman Fourie** *Finansiële Hoof*
29 Mei 2008

VERKORTE BALANSSTAAT

	Aantekeninge	Soos op 29 Feb 2008 Nagesien R'000	Soos op 31 Mrt 2007 Geouditeer en hersaamgestel R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, masjinerie en toerusting		**12 288**	13 667
Ander nie-bedryfsbates		**2 811**	–
Uitgestelde belasting	2	**2 186**	905
Bedryfsbates			
Debiteure en ander bedryfsbates		**41 507**	43 505
Bank en kontant		**16 901**	10 821
Belasting ontvangbaar		**271**	194
Totale bates		**75 964**	69 092
EKWITEIT EN LASTE			
Aandelekapitaal en reserwes	1	**53 826**	46 996
Nie-bedryfslaste			
Langtermynlaste		**–**	18
Uitgestelde belasting		**421**	1 387
Bedryfslaste			
Krediteure en ander bedryfslaste		**21 500**	20 474
Belasting betaalbaar		**217**	217
Totale ekwiteit en laste		**75 964**	69 092

VERKORTE INKOMSTESTAAT

	Aantekeninge	Elf maande 29 Feb 2008 Nagesien R'000	Twaalf maande 31 Mrt 2007 Geouditeer en hersaamgestel R'000
Inkomste		**111 543**	112 596
Bedryfswins		**2 827**	7 627
Ander inkomste		**1 750**	793
Ander uitgawes		**(459)**	–
Wins voor rente en belasting		**4 118**	8 420
Rente ontvang		**1 110**	1 116
Rente betaal		**(247)**	(262)
Wins voor belasting		**4 981**	9 274
Belasting	2	**1 849**	(1 598)
Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers		**6 830**	7 676
Basiese verdienste per aandeel (sent)		**16,34**	18,36
Wesensverdienste per aandeel (sent)		**16,19**	17,83
Rekonsiliasie van wesensverdienste:			
Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers		**6 830**	7 676
Aangepas vir wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting		**(63)**	(221)
Wesensverdienste		**6 767**	7 455
Bykomende inkomstestaatinligting:			
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele (duisende)		**41 806**	41 806

VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

	Elf maande 29 Feb 2008 Nagesien R'000	Twaalf maande 31 Mrt 2007 Geouditeer en hersaamgestel R'000
Bedryfsaktiwiteite	**5 823**	4 440
Beleggingsaktiwiteite	**(452)**	(5 495)
Finansieringsaktiwiteite	**709**	(26)
Netto kontant gegenereer / (aangewend)	**6 080**	(1 081)
Bank en kontant aan begin van die tydperk	**10 821**	11 902
Bank en kontant aan einde van die tydperk	**16 901**	10 821

VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Aantekeninge	Elf maande 29 Feb 2008 Nagesien R'000	Twaalf maande 31 Mrt 2007 Geouditeer en hersaamgestel R'000
Ekwiteit aan begin van die tydperk		**46 996**	39 357
Vorigetydperkfout	1	**–**	590
Hersaamgestelde ekwiteit aan begin van die tydperk		**46 996**	39 947
Dividende betaal		**–**	(627)
Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir die tydperk		**6 830**	7 676
Ekwiteit aan einde van die tydperk		**53 826**	46 996

Aantekeninge tot die nagesiene verkorte gekonsolideerde finansiële resultate

1. Vorigetydperkfout
Die behoue verdienste soos op 31 Maart 2006 is soos volg hersaamgestel:
- 'n toename van R62 071 as gevolg van voorraadwaardasiefoute; en
- 'n toename van R744 121 ter korrigering van 'n fout met opgehoopte depresiasie van eiendom, masjinerie en toerusting.

Ooreenstemmende balansstaataanpassings is gemaak vir voorraad en eiendom, masjinerie en toerusting op 31 Maart 2006.

Die voorraadaanpassing het geen uitwerking gehad op belasting gehef teen behoue verdienste nie aangesien die filiaal op 31 Maart 2006 'n opgehoopte belastingverlies gehad het.

Die fout in opgehoopte depresiasie het gelei tot 'n toename in die uitgesteldebelasting-aanspreeklikheid van R215 795 soos op 31 Maart 2006.

Die wins voor belasting vir die twaalf maande geindig 31 Maart 2007 is soos volg hersaamgestel:
- 'n afname van R190 842 as gevolg van voorraadwaardasiefoute; en
- 'n toename van R558 351 ter korrigering van 'n fout met opgehoopte depresiasie van eiendom, masjinerie en toerusting.

Ooreenstemmende balansstaataanpassings is gemaak vir voorraad en eiendom, masjinerie en toerusting op 31 Maart 2007.

Die voorraadaanpassing het geen uitwerking gehad op belasting gehef teen behoue verdienste nie aangesien die filiaal op 31 Maart 2007 'n opgehoopte belastingverlies gehad het.

Die fout in opgehoopte depresiasie het gelei tot 'n verdere toename in die uitgestelde-belastingaanspreeklikheid van R161 922 soos op 31 Maart 2007.

2. Uitgestelde belastingbate erken op 29 Februarie 2008
Die belastingheffing vir die oorsigtydperk sluit die erkenning van 'n uitgestelde belastingbate van R2 186 015 in, wat nie voorheen as waarskynlik beskou is nie.

Buildmax Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1995/012209/06)
Aandelekode BDM ISIN ZAE000011250
("Buildmax" of "die groep")

Direksie: PJ de Klerk *(Uitvoerende Hoof);* HP Fourie *(Finansiële Hoof);* CB Brayshaw*^; MD Lamola*^; M Matisonn*; R Munitz*; BT Ngcuka*; C Wood*^ **Nie-uitvoerende direkteur ^Onafhanklik*
Geregistreerde kantoor: Buildmax Beperk, Daveystraat, Germiston 1401 (Posbus 14100, Germiston, 1400)
Borg: Java Capital (Edms) Beperk
Oordragsekretarisse: Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001. (Posbus 61763, Marshalltown 2107)
Maatskappysekretaris: Probity Business Services (Edms) Beperk, 3de Verdieping, JHI House, Cradockweg, Rosebank 2196 (Posbus 85392, Emmarentia 2029)
Beleggersbetrekkinge: Envisage Investor & Corporate Relations